



Nuwe aansoeke:

1.1 Vereistes:

- 1.2 Die lid moet 'n opbetaalde lid wees van die 4X4 ATV Klub.
- 1.3 Die lid moet meer as 2 jaar reeds 'n aktiewe lid wees van die 4X4 ATV Klub.
- 1.4 Die Lid se gade en of Kinders kan aansoek vir 'n staanplek doen, onderworpe aan die Komitee se goedkeuring.
- 1.5 Die lid moet bereid wees om met geskeduleerde werksnaweke en byeenkomste te help om die kamp te onderhou indien versoek word deur die komitee / werkgroep.
- 1.6 Die lid moet 'n natuurliefhebber wees en 'n streng bewarings kultuur toepas en vestig.
- 1.7 1 Karavaan per lid teen jaarlikese staangeld soos ooreengekom tussen klub en lede.
- 1.8 'n Geskrewe motivering vir die aansoek (RDW1) in te dien.
- 1.9 'n Skets wat posisie, aansig en omvang van die beoogde staanplek (RDW3) in te dien.
- 1.10 Al die verlangde vorms moet volledig voltooi word voor aansoek goedgekeur sal word. (RDW1,2,3)
- 1.11 Die lid onderneem om sy staanplek en alle verbeterings self netjies en skoon te hou.
- 1.12 Kampe / staanplekke moet 'n realistiese grootte wees van 'n maximum van 10x10 meter (parkeerplek ingesluit)
- 1.13 Die Lid moet ten alle tye jaarlikse ledegeld by hou soos bepaal.

2. Verbetering van staanplek

- 2.1 Lid moet skriftelik aansoek doen vir enige verbeterings (RDW5) vir goedkeuring deur die komitee.
- 2.2 Geen verbeteringe (soos water, kragpunte, braaiplekke, mure, afskortings, wasbakke ens) mag aangebring word sonder komitee goedkeuring nie.
- 2.3 Die komitee behou die reg voor om ter eniger tyd verbeterings te inspekteer tydens oprigting en af te keur indien dit nie aan die vereistes voldoen nie.
- 2.4 Die komitee mag ter enige tyd met redelike gronde versoek dat die verbeterings opgeknop of herstel moet word of verwyder moet word indien dit nie behoorlik, tot goedkeuring van die komitee is nie.

- 2.5 Alle verbeterings op die perseel word die eiendom van die klub met oprigting daarvan. Die lid het die reg tot gebruik daarvan solank as wat hy n opbetaalde lid is en mag dit nie verwyder indien sy lidmaatskap opgesê word nie.
- 2.6 Karavane mag nie gesien word as deel van die permanente Strukture nie. Dit moet ten enige tyd skuifbaar wees en moet te alle tye netjies vertoon. (Wiele aan, padvaardig.)
- 2.7 Indien daar van karavaan oortreksels gebruik gemaak word, mag dit slegs grys, silwer of beige wees.

3. ONDERNEMING

- 3.1 Geen staanplekke mag verkoop word nie.
- 3.2 Geen staanplekke is onderling oordraagbaar nie.
- 3.3 Jaargelde is vooruitbetaalbaar.
- 3.4 Aansoek vir maandelikse betaling oor 'n maksimum tydperk van tien maande kan skriftelik by die komitee gemaak word. (Daar moet egter elke maand 'n betaling gemaak word).
- 3.5 Indien die staanplek fooie nie tenvolle vereffen is teen die einde van Desember van elke Jaar nie, sal die ooreenkoms ongeldig verklaar word met onmiddellike effek. Die staanplek moet dan weer van voor af aansoek gedoen word met n wagtydperk van minstens twee jaar soos vir nuwe lede. Die lid moet die woonwa dan verwyder binne 30 dae na kennis gewing. Indien dit nie verwyder is teen die spertyd nie, sal die woonwa deur die klub van die staanplek verwyder word **Let wel:** Die betrokke lid sal verantwoordelik gehou word vir alle regs-kostes asook verwyderings kostes.
Geen komitee lid of amptenaar in diens van die 4x4 ATV klub sal verantwoordelik gehou word vir enige verlies, skade of kostes nie. Die klub word gevrywaar teen enige skade wat mag plaasvind tydens die verwyderings proses.
- 3.6 Alle reëls en regulasies sal gehoorsaam word.



- 3.7 Alle elektriese installasies moet deur 'n gekwalifiseerde elektrisiën gedoen word en 'n kopie van die installasie sertifikaat(e) (Certificate of compliance) vir alle installasies moet ingedien word by die staanplek beheer beampte.
- 3.8 Voordat kables toegewooi word moet dit eers deur die Komiteelid wat die portefeulje beheer geïnspekteer word.
- 3.9 Onder geen omstandighede mag ongemagtige lede op enige elektriese beheerpanele werk nie.
- 3.10 Alle loodgieter installasies moet deur die Komiteelid wat die portefeulje beheer geïnspekteer word voordat slote toegewooi word.
- 3.11 Die Staanplek moet skoon en netjies gelaat word voordat daar vertrek word.
- 3.12 Die lid moet 'n aktiewe lid van die 4x4ATV klub wees en ten minste ses klub-aangeleenthede per jaar ondersteun of bywoon.
- 3.14 2de Karavaan moet voor aansoek gedoen word(RDW6) vir goedkeuring deur die komitee. Normale staangeld sal van toepassing wees.
- 3.15 Die lid moet ten alle tye in besit wees van 'n 4x4 voertuig met lae bestek soos deur die Klub konstitusie bepaal.
- 3.16 Die lid is ten alle tye verantwoordelik vir sy gaste.
- 3.17 Alle elektriese toebehore moet afgeskakel word voordat die staanplek verlaat word.
- 3.18 Lig toebehore moet energie besparend wees.